# 'n Seunstrui in vier



# grootes

## Die aanwysings vir hierdie trui in die hempstyl word in vier grootes aangegee

deur HENRIETTE LOUW

**GROOTTES**
Onderarmwydte: 55(60; 65; 70) cm.
Na voltooiing: 58(63; 68; 73) cm.
Lengte: 31(35; 39; 43) cm.
Mounaat: 21(26; 31; 35) cm.

**BENODIGDHEDE**
Patons Carefree Double Crepe — 5(6; 6; 7) bolle van 50 g; 1 paar elk breinaalde nrs. 8 en 10; 'n stekespeld; 2 knope en 'n tapisserienaald om die nate toe te werk.

**SPANNING**
22½ steke per 10 cm oor koussteek.

**AFKORTINGS**
r — regs; aw — aweregs; gl — glip; tglso — trek glipsteek oor; adl — agter deur lussies; da — draad agtertoe; dv — draad vorentoe; m 1 — maak 1 st (tel lus tussen 2 penne op en plaas op linkerpen en brei r of aw adl; beg — begin; vermin — verminder; verm — vermeerder; vlg — volgende; 0 — geen ste of rye nie; pat — patroonsteek; herh — herhaal; ks — koussteek; st(e) — steek(steke); tes — tesaam; alt — alternatiewe.

**AGTERPANT**
Stel 67(73; 79; 85) ste met penne nr. 10 op.
1e Ry: r 2, * aw 1, r 1. Herh vanaf * tot laaste st, r 1.
2e Ry: r 1, * aw 1, r 1. Herh vanaf * tot einde.
Herh 1e en 2e rye 5 keer.
Slaan oor na penne nr. 8 en brei in ks totdat die pant 19(21; 23; 25) cm vanaf beg lank is en eindig met aw-ry.

**Fatsoeneer raglanmousgate****
Heg 3 ste aan beg van vlg 2 rye af.
Vlg Ry: r 1, gl 1, r 1, tglso. r tot by laaste 3 ste, r 2 tes, r 1.
Vermin soos voorheen aan weerskante van alt rye totdat 33(31; 29; 27) ste oorbly.
Vlg Ry: aw 1, aw 2 tes, aw tot laaste 3 ste, aw 2 tes adl, aw 1.

**Slegs eerste 3 grootte**
Vermin (soos voorheen) met elke ry totdat 19(21; 23) ste oorbly.

**Alle grootte**
Heg af.

**VOORPANT**
Volg aanwysings van agterpant tot by **.

**Verdeel vir opening voor**
Vlg Ry: r 1, gl 1, r 1, tglso, r 25(28; 31; 34), draai. Brei met hierdie ste aan en vermin (soos voorheen) aan mousgatrand al om die ander ry totdat 18(18; 19; 19) ste oorbly.

**Fatsoeneer hals**
Heg 2 ste aan beg van vlg ry af.
Vermin aan mousgatrand (soos voorheen) aan elke kant van vlg en alt rye totdat 10(8; 7; 5) ste oorbly en dan net aan die mousgatrand totdat 9(7; 5; 3) ste oorbly.

**Slegs eerste 3 grootte**
Vlg Ry: aw tot laaste 3 ste, aw 2 tes adl, aw 1.
Vermin (soos voorheen) met elke ry totdat 3 ste oorbly.

**Alle grootte**
Vlg Ry: aw 2 tes adl, aw 1.
Vlg Ry: r 2 tes. Heg af.
Skuif vlg 5 ste op stekespeld. Las draad by res van ste aan en brei die ander kant om ooreen te stem en brei r 2 tes in plaas van gl 1, r 1, tglso en aw 2 tes in plaas van aw 2 tes adl.

**MOUE**
Stel 37(39; 41; 43) ste met penne nr. 10 op en brei 14 rye ribsteek soos agterpant. Slaan oor na penne nr. 8 en brei 4 rye ks.


EINDELIK! FIKSHEID VIR DIE HELE GESIN-VAN BRADLOWS!
TEEN NET R6,45 PER MAAND
Verkoopbelasting uitgesluit.




DIE EXECUTIVE TUISGIMNASIUM
Bradlows se Executive Tuisgimnasium maak fiks iets makliks. U verstel hom net na die verlangde posisie en doen oefeninge sonder uitputting. Daar is oefeninge vir die maag, bene, arms, rug, bors en skouers. Net 'n paar minute elke dag hou u en u gesin fiks van kop tot tone.



1. Doen dié oefening om van daardie vetrolletjies ontslae te raak
2. Of dié een vir 'n dun middel.
3. Dié een maak die hele liggaam fiks.
4. Die skoueropbouer!

Plus talle ander oefeninge om u hele liggaam fiks en perdfris te hou.

FIKSBLY OP DIE EXECUTIVE-MANIER IS PURE PRET!



**Willie Welgemoed, Dubbele Springbok,** Ontwerper van die Executive Tuisgimnasium.

Die tuisgimnasium kan gestel word om aan te pas by mense se liggaamlike vermoë en is dus geskik vir volwassenes en kinders. Benewens roei bied die Executive nog 8 basiese oefeninge, sodat elke deel van die liggaam geaktiveer word. 'n Paar minute per dag is genoeg om mens fiks, gesond en vry van spanning te hou.

NOU TE KRY BY ALLE BRADLOWS-TAKKE
BRADLOWS EXECUTIVE TUISGIMNASIUM
TEEN SLEGS R145,00 OF R29,00 DEPOSITO EN R6,45 PER MAAND
Verkoopbelasting uitgesluit.

BRADLOWS

TRANSVAAL: ALBERTON 869-4747 BENONI 54-1334 BOKSBURG 52-8521 GERMISTON 51-8858 JOHANNESBURG – Blackheath 678-5344 – Marketstraat 28-2450 – Newlands 27-2425 – Southdale 680-1534 KLERKSDORP 2-6077 KRUGERSDORP 665-1123 LEEUDORINGSTAD 365 PRETORIA – Stad 48-3378 – Silverton 86-5433 PIETERSBURG 7-2391 POTCHEFSTROOM 4228 POTGIETERSRUS 295 RANDFONTEIN 663-4351 RUSTENBURG 2-1247 SPRINGS 56-0578 VANDERBIJLPARK 33-4563 VEREENIGING 22-4456 VOLKSRUST 2 of 595 ORANJE-VRYSTAAT: BLOEMFONTEIN 7-3161 BRANDFORT 37 KROONSTAD 2472 WELKOM 2-7240 NATAL: EMPANGENI 2-3960 LADYSMITH 6844 MARGATE 2-1501 MONTCLAIR (Durban) 45-1506 NEWCASTLE 2-7158 PIETERMARITZBURG 2-2201 KAAP PROVINSIE: BELLVILLE 97-5981 KAAPSTAD – Pleinstraat 45-7140 OOS-LONDEN 2-1841 VISHOEK 82-1119 GOODWOOD 98-7207 KIMBERLEY 2-6247 KING WILLIAMS TOWN 2303 PAARL 2-2286 PAROW 92-5010 PORT ELIZABETH – Commercialweg 4-9685 – Mainstr 2-9791 – Newtonpark 33-7657 – North End 2-9501 QUEENSTOWN 2064 SOMERSET-WES 2-3712 UITENHAGE 2-1613 WYNBERG 77-8105

(JWT) DIRECT RESPONSE UNIT 0201/A/R R



5e Ry: r 2, m 1, r tot laaste 2 ste, m 1, r 2.
Verm (soos voorheen) in vlg 4e(6e; 6e; 6e) rye totdat daar 45(53; 59; 63) ste is en dan in vlg 6e(8e; 8e; 8e) rye totdat daar 51(55; 61; 65) ste is.
Brei aan totdat die sykant 21(26; 31; 35) cm (of lengte wat vereis word) vanaf die beg lank is en eindig met 'n aw-ry.

**Fatsoeneer raglan**
Heg 3 ste aan beg van vlg 2 rye af.
Vlg Ry: r 1, gl 1, r 1, tglso, r tot laaste 3 ste, r 2 tes, r 1.
Vermin (soos voorheen) aan weerskante van elke alt ry totdat 15(11; 11; 11) ste oorbly.
Vlg Ry: aw 1, aw 2 tes, aw tot laaste 3 ste, aw 2 tes adl, aw 1.
Vermin (soos voorheen) met elke ry totdat 5 ste oorbly. Heg af.

**LINKERVOORSTROOK**
Skuif ste op stekespeld oor op pen nr. 10 sodat regte kant na jou toe wys as die vlg ry gebrei word.
1e Ry: stel 1 st op, r 2, (aw 1, r 1) 2 keer, draai, stel 1 st op — 7 ste.
2e Ry: r 1, (aw 1, r 1) 3 keer.
3e Ry: r 2, (aw 1, r 1) 2 keer, r 1.
4e Ry: soos 2e ry.
Herh 3e en 4e rye 0(2; 4; 5) keer.
Vlg Ry: ribsteek 2, heg 2 ste af, ribsteek 3.
Vlg Ry: ribsteek 3, stel 2 ste op, ribsteek 2.
Brei 8(12; 12; 16) rye in ribsteek; Herh knoopsgatrye 1 keer — 2 knoopsgate. Brei 2 rye. Heg in ribsteek af.

**REGTERVOORSTROOK**
Stel 7 ste met penne nr. 10 op. Brei 18(26; 30; 36) rye ribsteek soos agterpant. Heg in ribsteek af.

**KRAAG**
Stel 103(109; 115; 121) ste met penne nr. 10 op. Brei 20(22; 24; 26) rye ribsteek soos agterpant.
Vlg Ry: heg 6 ste af, ribsteek 4(7; 10; 13), brei 3 tes, ribsteek 6) 9 keer, brei 3 tes, ribsteek 9(12; 15; 18) — 77(83; 89; 95) ste.
Heg 6 ste af aan beg van vlg 3 rye.
Heg oorblywende 59(65; 71; 77) ste af.

**AFWERKING**
Pars liggies met warm yster oor klam doek. Werk raglannate met agtersteek toe en let op dat moukoppe gedeeltelik die halslyn vorm. Werk sy- en mounate toe. Werk voorstrokies vas en werk die onderste randjie aan die verkeerde kant met glipsteek vas. Werk die kraag met 'n platnaat aan. Werk die knope aan. Pars al die nate. ●


# "ONS

## JOU RUG SAL ELKE MÔRE BLY WEES DAT JY OP 'N SEALY POSTUREPEDIC AANGEDRING HET

Sealy Posturepedic is die unieke matras. Dit is in samewerking met vooraanstaande Amerikaanse ortopediste ontwerp vir ferme ondersteuning – sonder om gerief prys te gee.
Dit is waar die verskil inkom: ander matrasse wat moontlik aan die begin ferm voel, kan later hol raak.
Maar die ferme ondersteuning wat in elke Posturepedic ingebou word, is blywend. Jaar ná jaar.
Sodat jy geen oggendrugpyn van slaap op 'n té sagte matras sal ondervind nie. Dis 'n belofte.
Sealy Posturepedic is die unieke rugsteunstelsel. Kyk binne:

**GERIEFSTELSEL:**
5 afsonderlike geriefslae waarby die rewolusionêre nuwe Sealy Cel-o-flex-skuimrubber geïnkorporeer is, verseker langdurige gerief.

**STEUNSTELSEL:**
Wetenskaplik geprogrammeerde kronkelvere konsentreer fermheid waar jou liggaam dit die nodigste het.
* Sealy se spesiale 6-draai-kronkelvering maak dit sterker en duursamer.
* Positiewe skarnieraksie hou die matras gelyk en voorkom "na-mekaar-toe-rollery".
* Swaardiensdraad om die kant voorkom dat die kante insak.

**FONDASIESTELSEL:**
Spesiaal ontwerpte wringstaafvering voorsien groter fermheid en veerkrag.
* Voorkom sywaartse wieg.
* Bied ekstra ondersteuning aan die kante en hoeke.
* Voeg jare by die matras-en-basisstel se lewensduur.

As ons 'n enkele eienskap uitgelaat het, was dit nie 'n Sealy Posturepedic nie.
Wanneer jy dus gereed is om in 'n Sealy Posturepedic te belê, maak seker dat dit wél 'n Sealy Posturepedic is.

Die SABS-goedkeuringseël is op die hele reeks Sealy Posturepedic-matrasse van toepassing.

Deur die jare heen is Sealy Posturepedic in beroemde tydskrifte soos Good housekeeping, Parent's Magazine, Today's Health en verskillende publikasies van die Amerikaanse mediese vereniging geadverteer.
Gedurende hierdie tydperk het Sealy Posturepedic hierdie tydskrifte se goedkeuringseëls ontvang as waarborg dat die produk getoets is en dat dit wel aan die belofte van die advertensie voldoen.

As dit nie Sealy Posturepedic sê nie, is dit nie 'n Posturepedic nie